Donderdag 23 April

Skrifgedeelte: Psalm 77

Fokusgedeelte: Psalm 77:9, 12 (AFR2020)

God se genade omskep herinnering tot 'n reddingsboei.

Herinnering aan bemoedigende dinge versterk. Dit wek weer vertroue. Die digter draai homself in sy gemoed vas. Hy is ontroosbaar, kreun en kla, begin twyfel. Kwelvrae ontstel hom. Kwelvrae soos of die Here vergeet het om genadig te wees. Hy roep tot die Here en soek na Hom, maar daar kom nie berusting nie. God voel ver.

Klink dit bekend? So maklik kan ons in ons soeke na die Here vasdraai in ons eie gemoed en dink die blaam lê by die Here. Vrae ontstaan soos: Waarom dink die Here nie aan my nie en verander Hy nie my situasie nie? Twyfel in sy genade dreig om ons hoop en vertroue in die Here te laat verloor.

Die digter kom dan tot die besef: hy moet weg van homself en sy worstelinge kyk. Hy dink, te midde van sy noodsituasie, nou aan die wonders wat die Here gedoen het (vs 12). So wil hy weer op die Here fokus wat in die verlede bewys het dat Hy nie sy volk vergeet en verstoot het nie. Herinneringe word vir hom 'n reddingsboei te midde van sy huidige kwelvrae wat dreig om hom te verdrink. Hy dink weer aan God se wonderdade in die geskiedenis van die verbondsvolk. Dit wil voorkom asof hy die wonders tydens die verlossing uit Egipte (vs 16), die deurtog deur die Rooi See (vs 20) en God se leiding tydens die woestynreis deur Moses en Aaron (vs 21) in herinnering roep.

Ons het elkeen die voorreg om God se geskrewe Woord te ontvang wat ons herinner aan sy groot wonderdade. God gee ook die nagmaal vir ons om na te dink oor God se wonderdade. So ontvang ons weer rustigheid te midde van ons worstelinge omdat ons in die geloof op God se wonderdade van verlossing in Christrus konsentreer.

*Sing: Psalm 136-1: 3, 9, 10, 12, 14)*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)*